

20 FEBRUARIE

**SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 20:1-11
FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 20:1-6**

Die Here gedenk Hiskia se smeekgebed vir sy eie lewe

Selfs vir 'n kind van die HERE is dit 'n skok om te hoor dat jy terminaal siek is. Die rou emosie daarvan word weergegee in koning Hiskia se onmiddellike afsondering (vs. 2) van almal. Hoe seer om te moet hoor dat jy jou gesin moet groet, want jy gaan sterf!

Vir Hiskia is sy afsondering egter 'n onmiddellike vasgryp aan God, om hom op sy HERE te beroep, en te pleit dat die HERE sal dink aan sy trou en oorgawe en regdoen in diens van sy HERE. Na hierdie kort gebed breek dit in Hiskia se binneste. Hy huil bitterlik. Was dit oor die naderende dood? Was dit oor die besef van sy eie gebreke as hy hom beroep op wat hy gedoen het? Was dit uit wanhoop, uit aanvaarding? Was dit oor geliefdes wat sou agterbly?

Sekerlik sou hierdie emosies, en nog veel meer, deur hom woel. Wat egter die belangrikste is, is wat die HERE toe sê en doen! Weereens vestig Hy die aandag op sy verbond (vs. 5). Dit is die grond waarop Hy Hiskia se gebed verhoor, die grond vir die kosbaarste Goddelike verklaring wat 'n lydende kind van die HERE maar kan hoor: "Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; kyk, Ek sal jou gesond maak ..."

In Jesus Christus, wat ons lyding op Hom geneem en ons siektes gedra het, is hierdie wonderdadige God, wat selfs die son weer hoër kan skuif (vs. 11), ons Verbondsgod. Hy kyk na jou en Hy hoor jou, om sy Seun ontwil. Hy sien jou trane, Hy hoor jou bede en Hy maak jou gesond.

Sing: Psalm 16:4

Ds Harry Cilliers (Standerton)